

# "Ek is 'n bouer en ek stem Nasionale Party."

"My naam is Clement Abrahams en ek en duisende mense in my bedryf stem NP want ons bedryf kry swaar en ons voel elke dag hoe broodnodig ekonomiese groei in ons land is.

Vir hierdie verkiesing maak die ANC 'n klomp beloftes wat hulle nooit sal kan hou nie. Soos gratis huise. Wie gaan betaal daarvoor? Ek's 'n bouer en weet wat dit kos om 'n gemiddelde huis te bou. Dit kos omtrent R60 000. Verbeel jou nou jy moet ses of sewe miljoen huise weggee. Gaan die geld op bome groei? Wie gaan die verskaffers, die loodgieters, die elektrisiëns, die steenmakers betaal? Ons moet êrens begin om daardie geld te skep, en dis deur die ekonomie.

En wat van gratis onderwys? Daar's miljoene kinders. Weet hulle hoeveel dit kos om net een kind te leer? Waar moet al die geld vandaan kom? Onthou, die ANC het altyd gevra vir 'liberation before education', maar nou sê mnr. Mandela jy kan nie werk kry sonder opvoeding nie.

Ons het ekonomiese oplewing en groei desperaat nodig en die enigste manier om dit te kry, is om vir die Nasionale Party te stem want dis die enigste party waarop mens kan staat maak wat die regte planne het én dit kan maak werk.

Ek sê dis sinloos om iemand te vra om 'n vliegtuig te loods as hy dit nog nooit gedoen het nie. Ons sal almal neerstort. Die ANC het nog nooit regeer nie. Die Nasionale Party regeer al 40 jaar en hulle het President FW as 'n sterk leier, 'n dinamiese persoon en ek weet hy kan die situasie hanteer.

Kyk, ek was jare gelede Federale Party-kandidaat in Noord-Transvaal toe ons nog die ou regering beveg het. Ons het na die blankes gegaan en hulle vertel watter harde tyd ons het. Maar nadat FW gekom het, het dinge so vinnig verander ons kon omtrent nie bybly nie. Hy't beloftes gemaak en hulle gehou.

Suid-Afrika is nog jonk in vergelyking met oorsese lande en nogtans het dit geweldig vooruitgegaan onder die NP. Ek was in Maputo en ek het gesien wat daar gebeur het, die lyding en chaos van die oorlog, die verskriklike verwoesting en verwaarlosing, die korrupsie en die armoede wat kommunisme gebring het.

Ek werk daarvoor dat dit nie hier gebeur nie. Ons het so 'n mooi land en so baie om voor te leef.

Dis hoekom ek NP stem. Die NP het die ervaring en die dissipline om ons toekoms te verseker."

**WEES SEKER VAN 'N BETER LEWE**

***Stem vir FW de Klerk en die nuwe Nasionale Party***

NP Nasionale Party



X

Opgestel en uitgereik deur Marthinus van Schalkwyk, Marksgebou, Parlementstraat, Kaapstad.

OPTIMUM MARKETING COMMUNICATIONS 22685/A